

BRAHMAN KURSUS

1. DOEL VAN KURSUS

2. KURSUSSE EN BEVORDERING

3. KURSUS - WIE

- WANNEER

- WAAR

4. BEPLANNING

A. SKAKELING MET - GENOOTSKAP

TELER

EKSAMINATORE

B. KURSUS STRUKTUUR EN TYDSKEDULES

5. INHOUD VAN KURSUS

A. TEORIE

- **LESING/INLIGTING**
- **TEELWAARDES**
- **KEURKAART**
- **SKYFIEVERTONING**
- **TEORETIESE TOETS**

B. PRAKTIES

- **PRAKTIESE DEMONSTRASIE**
- **UITSOEK EN PLASING VAN DIERE**
- **PUNTETOEKENINGS**
- **KURSUS VLOEI**

6. ALGEMENE WENKE

7. AFSLUITING

1. DOEL VAN KURSUS

- ❖ Op die eerste vlak kursus is die hoofdoel om promosie te doen en die ras aan belangstellendes bekend te stel.
- ❖ Inligting ten opsigte van die volgende aspekte word bekend gemaak;
 - i) Die oorsprong, sy unieke eienskappe en die aanwending van die ras in die land.
 - ii) Kort oorsig oor die genootskap en sy werksaamhede.
 - iii) Teelwaardes se interpretasie soos dit op die veilingskatalogusse verskyn.
 - iv) Keurkaarte – die hantering en toekening van die punte vir sekere eienskappe.
 - v) Keurings en veilingsvoorwaardes.

2. KURSUSSE EN BEVORDERING

Die opleiding kursusse van die NBBS is in twee hoof groepe verdeel;

A. ORIENTERINGS/INLIGTINGS KURSUS

- Hierdie kursus word normaalweg in die vorm van 'n promosie/inligtingsdag aangebied.
- Hierdie kursus is oop vir alle belangstellendes, en strek slegs oor een (1) dag.
- Die kursus word deur 'n Senior Beoordelaar en nog 'n persoon aangebied.
- Daar is geen evaluasie tydens hierdie kursus nie.
- Die kursusleier moet 'n skriftelike verslag indien aan die Raad.
- Alle kandidate wat beoog om gevorderde kursusse te doen, moet eers so 'n kursus bywoon.
- Aspekte wat op die kursus hanteer word is:
 - i) Geskiedenis van die ras.
 - ii) Unieke eienskappe en minimum rasstandaarde.
 - iii) Teelbeleid soos neergele deur die genootskap.
 - iv) Fenotipiese evaluering van 'n bees.
 - v) Vertroud wees met korrekte benaming van die liggaamsdele.
 - vi) Kennis neem van genetiese evaluasie.
 - vii) Praktiese demonstrasies.
 - viii) Groepsbesprekings waar tyd gegun word vir vrae en antwoorde.

3.

B. GEVORDERDE KURSUSSE

Die gevorderde kursusse strek oor twee (2) dae en word in drie vlakke verdeel:

1. Beginner Kursus.
2. Junior kursus.
3. Kandidaat senior kursus.

1. Beginner Kursus

- **Kandidate wat reeds Oriënterings kursus voltooi het, word in aanmerking geneem vir die Beginner Kursus.**
- **Evaluasie vind plaas tydens die kursus en moet 70% behaal as slaagsyfer.**
- **Kandidate wat hierdie kursus slaag, word nie toegelaat om as beoordelaars op skoue op te tree nie, maar sterk aanbeveel dat hul as ringgidse waarneem, om waardevolle ondervinding en blootstelling te kry.**
- Aspekte wat op hierdie kursus hanteer word is:
 - i)* Daar word meer aandag gegee aan die basiese beginsels van beoordeling.
 - ii)* Kandidate moet reeds hier begin om waardebepalings te doen.
 - iii)* Tydens die kursus word die syfers van teelwaardes en die interpretasie daarvan aan die kandidate verduidelik.
 - iv)* Die gebruik en die doel van die keurkaarte word hanteer.
 - v)* Tydens die kursus word die kandidate ook geleer om hulle plasinge in die krale te doen en die motiverings by die eksaminatore te bespreek.
 - vi)* Kandidate word ge-evalueer op funksionering binne groepsverband.
 - vii)* Kandidate word ge-evalueer op sy/haar vermoens om dit wat hulle waargeneem het, op n logiese en op verstaanbare manier oor te kan dra.
 - viii)* Waarnemings moet ook gemaak word, of so 'n kandidaat druk kan hanteer, sowel om kritiek te verwerk.
 - ix)* Die kandidaat se waarnemingsvermoe word ook getoets.
 - x)* Die punte vir evaluering van diere is 50% vir plasing en 50% vir die motivering/bespreek.
 - xi)* Die kandidaat sal 'n teoretiese toets afle, wat insluit die benaming van die liggaamsdele.
 - xii)* Die slaagsyfer vir hierdie kursus is 70%, met die prakties 50% en teoretiese toets 50%.

2. Junior Kursus

- Kandidate wat die Beginners Kursus geslaag het, mag die Junior Kursus bywoon.
- 'n Kandidaat wat reeds 'n Senior Beoordelaar is, in 'n ander ras mag ook die kursus bywoon.
- Evaluasie vind plaas en 70% is die slaagsyfer.
- Hierdie kursus moet deur ten minste twee (2) Senior Beoordelaars, wat gereeld die beoordelaarskonferensie bygewoon het, aangebied word.
- Die Junior Beoordelaar moet ten minste een (1) jaar en 'n minimum van honderd (100) diere keur saam met 'n Senior Beoordelaar/Keurder, voor hy/ sy aanbeveel kan word vir bevordering.
- Na die inhandiging van 'n positiewe skriftelike verslag deur die Senior Keurder waarin die bevoegdheid van die Junior Keurder om diere op sy eie te keur beaam word, kan die persoon bevorder word na Keurder.
- Kandidate wat hierdie kursus slaag, moet verder keuring doen en word hulle nou toegelaat om as Junior Beoordelaar, saam met 'n Senior Beoordelaar, tydens skoue en opleidingskursusse op te tree.
- Die Senior Beoordelaar dien 'n skriftelike verslag in aan die Raad ter aanbeveling van die kandidaat tydens skou en/of kursus.
- ***Aspekte wat op hierdie kursus hanteer word is:***
 - i) Tydens hierdie kursus moet die kandidate ten minste ses (6) klasse beoordeel met bespreking van plasinge.
 - ii) 'n Punt uit tien (10) vir elke klas, soos saamgestel uit vyf (5) punte vir plasing en vyf (5) vir die bespreking.
 - iii) Evaluering op rasstandaarde sal baie strenger wees tydens die kursus.
 - iv) Tydens die saamstel van klasse, word beeste met minder ooglopende afwykings gebruik.
 - v) Kandidate word aangemoedig om eerder hulle plasinge te memoriseer en minder van hul geskrewe notas gebruik te maak tydens die besprekings.
 - vi) Tydens die kursus word groter klem gele op die gebruik van keurkaarte en die hantering van teelwaardes.
 - vii) Daar word van die kandidate verwag om sekere afwykings en goeie eienskappe raak te sien en dit in hulle bespreking te noem.

5.

- viii) Daar word strenger gepunt as in die geval van die Beginners Kursus.
- ix) Daar word ook gekyk na die kandidaat se algemene optrede en gedrag binne sowel as buite die kraal.
- x) Tydens die kursus speel selfvertroue, waarnemingsvermoe en kennis van die ras reeds 'n groter rol.
- xi) Die kandidate sal vertrouwd moet wees met die basiese riglyne vir beoordelaars ten opsigte van pligte en gedragskodes.
- xii) Op hierdie kursus word n kort teoretiese ook afgele.
- xiii) Die slaagsyfer van 70% sal saamgestel word uit 60 punte van die praktiese klasse, 20 punte vir die teoretiese toets en 20 punte vir die algemene indruk.

3. Kandidaat Senior Kursus

- 'n Junior Beoordelaar moet die Kandidaat Senior Beoordelaarskursus slaag en twee (2) skoubeoordelings saam met n senior, suksesvol afhandel om as Kandidaat Senior Beoordelaar te kwalifiseer.
- Die Senior Beoordelaar moet 'n skriftelike verslag aan die Raad indien, ter aanbeveling van die kandidaat.
- **Aspekte wat op hierdie kursus hanteer word:**
 - i) Tydens die kursus het die klasse se samestellings minder afwykings en waardebepalings is baie belangrik.
 - ii) Hier word veral opgelet na die waarnemingsvermoe, waardebepalings, kennis en die vermoe om sy /haar besprekings, logies en verstaanbaar te motiveer.
 - iii) Selfvertroue, die hantering van druk en die verwerking van kritiek is hier baie belangrik.
 - iv) Op hierdie kursus word etiek en integriteit van beoordelaars binne en buite die skouring hanteer.
 - v) Op hierdie kursus word van die kandidaat verwag om nie meer hulle plasinge en motiverings van geskrewe notas af te lees nie.
 - vi) Tydens hier kursus sal daar minstens sewe (7) klasse beoordeel moet word, waarvan die laaste klas 'n kampioenskapsklas sal wees.
 - vii) Tydens beoordeling van bogenoemde klasse moet die aspirant Kandidaat Senior beoordelaars van die plasinge bespreek voor die res van die kursusgangers asof in die skou-ring.

6.

- viii) Elke klas sal uit tien (10) punte met vier (4) punte vir die plasing en ses (6) punte vir die bespreking toegeken word.
- ix) 'n Teoretiese toets sal afgele word, wat sal handel oor alle aspekte van beoordeling wat insluit die gedragskodes van beoordelaars, rasstandaarde, skou prosedures ens.
- x) Die slaagsyfer van 75% moet behaal word, en is saamgestel uit 60 punte vir prakties, 20 punte vir die teoretiese toets en 20 punte vir algemene indruk.
- xi) Tydens hierdie kursus word daar van die kandidaat verwag om sekere uitstaande goeie en swak eienskappe te kan identifiseer en dat hy dit in sy besprekings moet noem.

4. **Senior Beoordelaar**

- Kandidaat Senior moet nog minstens twee (2) skoue as beoordelaar saam 'n Senior Beoordelaar optree.
- Kandidaat Senior moet ge-evalueer word en na afloop van elke skou moet die betrokke Senior Beoordelaar(s) 'n evaluasie vorm invul.
- Kandidaat Senior moet ten minste twee (2) kursusse as aanbieder optree saam met 'n kursusleier.
- Tydens die aanbied van die kursusse moet hy/sy deur die kursusleier geevalueer word, en 'n skriftelike verslag ter aanbeveling aan die Raad indien.
- Op grond van die aanbevelings van die Senior beoordelaar(s) aan die Raad, kan moontlike bevordering deur die Raad bekragtig word.
- Alle kostes wat gepaard gaan met opleiding is die kandidaat se eie verantwoordelikheid.

3. **KURSUS**

1. **Wie**

- ❖ Die Raad doen 'n behoeftebepaling en kondig die kursusse aan.
- ❖ Gekwalifiseerde Senior Beoordelaars word dan aangevra en benoem om die kursusse aan te bied. Een van die beoordelaars word as kursusleier aangewys.
- ❖ By sulke geleentheid kan kandidate wat in opleiding is, gevra word om te help met die aanbieding van die kursus vir hul bevordering doeleindes.
- ❖ Die hoeveelheid inskrywings van kursusgangers sal bepaal hoeveel eksaminatore benodig sal word.

7.

- ❖ Verkieslik nie meer as tien (10) kandidate per eksaminator nie - ses(6) tot agt (8) persone per groep is goed hanteerbaar.
- ❖ Daar kan eerder van meer eksaminatore gebruik gemaak word as om die groepe te groot en lomp te maak.
- ❖ Die grootste probleem is dat die rapportering aan die eksaminatore te veel tyd in beslag neem en minder klasse aangebied kan word, en kwaliteit tyd verlore raak.

2. Wanneer

- ❖ Die Raad bepaal die datum van die kursusse. Vir praktiese doeleindes word kursusse normaalweg tussen Mei en Augustus aangebied. (Teen daardie tyd is keurings reeds afgehandel en die reenseisoen verby.)
- ❖ Dit is ook vir die teler makliker om sy diere op te vang vir die tydperk van die kursus.

3. Waar

- ❖ Kursusse moet verkieslik aangebied word by n teler wat genoeg beeste het vir al die klasse vir die twee (2) dae. Nagenoeg 90 – 120 beeste. (Probeer om dieselfde diere nie in meer as een klas te gebruik nie.)
- ❖ Daar moet diere van verskillende ouderdomme sowel as geslag in die kursus wees.
- ❖ 'n Teler wat skoudiere het sal 'n goeie keuse wees want dan is daar goed afgeronde diere wat 'n goeie beeld van die ras gee.
- ❖ Probeer om 'n kursus aan te bied waar daar genoeg akkommodasie op die plaas of in die onmiddelijke omgewing is. (Al die kursusgangers besit nie kamptoerusting nie.)

4. BEPLANNING

Die kursusleier moet reeds lank voor die kursus sy beplanning doen.

Hy moet toesien dat die volgende aspekte in plek moet wees voordat die kursus begin.

A SKAKEL MET :

GENOOTSKAP

- Getal inskrywings en verwante admin inligting.
- Reelings vir akkommodasie van eksaminatore.
- Etes gedurende die kursus.

8.

- Betaling van kursusgelde.
- Skakel met die Rasbevordering-komitee en kry inligting oor;
 - (i) Teoretiese eksamenvraestelle
 - (ii) Sketse met korrekte benaminge van liggaamsdele
 - (iii) Elektroniese toerusting en wit screen vir die skyfievertoneing.
 - (iv) Enige promosie materiaal.
 - (v) Toerusting om die beeste vir die kursus duidelik te nommer - ysters en verf.

TELER

- Tipe en hoeveelheid diere wat elke dag benodig gaan word.
- Krale en ander fasaliteite wat vir die kursus benodig gaan word.
- Tydskedules vir die vloei van die kursus.

EKSAMINATORE

- Betrokkenheid by teoretiese gedeelte van die kursus.
- Uitsoek en plasing van die diere vir die kursus-klasse.

A. KURSUS STRUKTUUR EN TYDSKEDULES

- Dit is raadsaam om vooraf reeds 'n tydskedule uittewerk.
- Die struktuur van 'n kursus lyk ongeveer so:

DAG 1.

- 📅 Tyd van aankoms en registrasie
- 📅 Verwelkoming
- 📅 Gedeelte teorie
 - a) Bekendstelling van die ras.
 - b) Teelwaardes
 - c) Keurkaart
- 📅 Verversings
- 📅 Gedeelte teorie - Skyfievertoneing
- 📅 Praktiese Demonstrasie
- 📅 Middagete

9.

- ✚ Eerste reeks klasse a) Plasings en Motiverings
b) Groepsbespreking
- ✚ Verversings
- ✚ Tweede reeks klasse a) Plasings en Motiverings
b) Groepsbespreking
- ✚ Verversings/Aandete

DAG 2

- ✚ Ontbyt
- ✚ Teoretiese toets
- ✚ Eerste reeks klasse a) Plasings en Motiverings
b) Groepsbesprekings
- ✚ Verversings
- ✚ Tweede reeks klasse a) Plasings en Motiverings
b) Groepsbesprekings
- ✚ Middagete
- ✚ Afsluiting

5. INHOUD VAN KURSUS

A. TEORIE

Samestelling van teorie;

1. Inligting en/of lesing van Bekendsteling, oorsprong en eienskappe van ras.

- Met die aanvang van die kursus is dit belangrik dat die kursusleier, 'n lid van die raad of 'n lid van die rasbevorderingskomitee 'n kort oorsig oor die ras en die werksaamhede van die Genootskap gee. Hy kan ook kortliks uitwy oor die herkoms, geskiedenis en 'n paar unieke eienskappe van die ras.

2. Teelwaardes

- 'n Geskikte persoon moet vooraf getaak word om hierdie gedeelte te hanteer.
- Dit kan bestaan uit 'n kort gedeelte oor die ontstaan en werking van teelwaardes.
- Die interpretasie van die syfers wat in katalogusse op bulveilings verskyn.

10.

- Die akkuraatheidwisseling van syfers.
- Die voordeel van die syfers vir die dier, teler en die ras.

3. Keurkaart

- 'n Senior Keurder (gewoonlik een van die eksaminatore) kan hierdie gedeelte hanteer.
- Die doel en voordele van die gebruik van die keurkaart.
- Die verantwoordelikheid wat hiermee gepaard gaan.
- Die toekenning van punte vir sekere eienskappe, sowel as afkeur-kodes.
- Algemene tendense wat voorkom en moontlike slaggate waarvoor opgelet moet word.

4. Skyfievertoning

- Waar dit moontlik is, sal dit baie goed wees om 'n skyfie vertoning aan te bied.
- Hierin kan al die goeie en korrekte eienskappe sowel as die ongewenste afwykings duidelik uitgewys word.
- Foto's en sketse met die byskrifte kan dit baie maklik verstaanbaar maak.
- Die korrekte benaminge vir die verskillende liggaamsdele moet reeds hier al aangeleer word.
- Skets van die verskillende liggaamsdele en die korrekte benaming moet gedruk en aan kandidate voorsien word as kursushandleiding.

5. Teoretiese toets

- 'n Kort teoretiese toets wat deur die Rasbevorderingskomitee saamgestel is, moet ook afgele word.
- Die punte wat vir hierdie toets behaal word, word aan die einde van die kursus saam met die praktiese toets gevoeg om 'n finale punt te bereken.

B. PRAKTIES

- Die praktiese gedeelte van 'n kursus neem die meeste tyd in beslag.
- Die kursusleier moet in sy vroe beplanning reeds met die mede eksaminatore reel vir die uitsoek en plasing van die groepe beeste wat vir die kursus gebruik gaan word.

1. Demonstrasie

- Die eerste gedeelte van die praktiese kursus begin hiermee.

11.

- Dit begin normaalweg deurdat een van die eksaminatore waar moontlik 'n haltermak bul en 'n koei gebruik vir demonstrasie.
- Op hierdie diere word die goeie en swak eienskappe uitgewys.
- Die korrekte benaminge word geleer en op die liggaamsdele uitgewys.
- Eenvoudige en maklike metodiek om 'n dier te evalueer word bespreek.
- Tyd moet ingeruim word vir vrae.

2. Uitsoek en plasing van diere

By die uitsoek van diere wat vir die kursus gebruik gaan word, moet die volgende in gedagte gehou word.

- Wanneer dit 'n Beginners Kursus is, moet daar vir die eerste reeks klasse 'n ooglopende eerste en laaste plek wees. Moenie die klasse te groot maak nie – 6 tot 8 beeste in 'n klas is genoeg.
 - Dit stel die kandidate in staat om met hul eerste klasse makliker keuses te kan maak en die verskil tussen goeie en swakker diere maklik te identifiseer.
 - Indien die klasse in die begin te moeilik is, gaan die kursusinganger niks leer nie en moontlik nog belangstelling verloor.
 - Die doel van 'n kursus is immers om die kandidate eers iets oor bees te leer en op 'n later stadium hulle kennis te toets.
 - Tydens die groepbesprekings moet daar klem gele word op ekonomiese waardes en waardebepalings teenoor estetiese waardes.
- By 'n **Gevorderde kursus** kan beeste uitgesoek word waar die afwykings minder is, om die kandidate se waarnemingsvermoe en waardebepalings te toets.
 - Op hierdie stadium word jonger diere ook ingebring dat kandidate sekere eienskape kan identifiseer wat in die toekoms moontlike probleme kan skep.
- ❖ By die **Senior Kursus** moet die groepe meer sorgvuldig uitgesoek word.
 - ❖ Kursusingangers moet skerper waarnemingsvermoe openbaar.
 - ❖ Op hierdie vlak lok die plasinge normaalweg redelike reaksies uit.
 - ❖ Eksaminatore moet seker maak dat hulle plasinge verdedigbaar is en die wenners in die klasse hul plekke waardig is.
 - ❖ Aan die einde van elke sessie klasse, sal die betrokke eksaminator sy klas se plasinge bespreek.
 - ❖ Dit gee aan die kandidaat die geleentheid om te sien waar hy/sy reg of verkeerd was. En gaan daardeur leer om waardebepalings te doen.

12.

3. Punte toekennings.

- Die puntetoekenings verskil van onderskeie kursusse en moet streng daarvolgens geëvalueer word.
- Elke eksaminator moet toesien dat hy 'n puntetaal het waarop die kandidaat se punte vir elke klas aangedui word.
- Wanneer 'n kandidaat se plasing verskil met die van die eksaminatore, moet daar genoeg ruimte wees om wel vir so 'n kandidaat krediet te gee indien sy motivering dit regverdig.
- Wanneer die plasings met meer as twee plekke verskil behoort so 'n kandidaat nie punte te kry daarvoor nie.
- Gedurende die groepsbesprekings kan hierdie plasings deegliker bespreek word.
- Aan die einde van die kursus, word elke kandidaat se teoretiese en praktiese punt na die Rasbevorderingskomitee gestuur vir die verwerking van 'n finale punt.

4. Kursus vloei

Kursusse verloop normaalweg in hierdie volgorde;

- Uitsoek en plasing van diere deur die eksaminatore.
- Evaluasie, plasing en motivering deur kandidate.
- Groepsbespreking na elke rondte klasse.

6. ALGEMENE WENKE

- i) Wanneer diere vir die laaste klasse van die kursus uitgesoek word, probeer om waar moontlik, met skoubeeste of afgeronde veilingsbeeste af te sluit. Dit dien as uitstekende promosie vir die ras en laat 'n goeie indruk op die kursusgangers na.
- ii) Maak 'n punt daarvan dat die diere vir die kursus uit alle ouderdomsgroepe en geslagte bestaan.
- iii) Wees bedag daarop om nie net na foute te kyk wanneer plasings gedoen word.
- iv) Wanneer 'n klas uitgesoek en geplaas is, sorg dat al die eksaminatore saamstem en gemaklik is met die plasings.
- v) Eksaminatore of kursusaanbieders moet nie voor kursusgangers verskil en argumenteer nie.

13.

- vi) Kursusse is nie bedoel om vasvra-speletjie te wees of om slaggate vir kandidate te stel nie. Niemand leer daaruit nie. Gun almal 'n regverdige kans om kennis op te doen.
- vii) Dit is nie net 'n kandidaat se kennis wat getoets word nie, Daar moet ook gekyk word na die volgende :
 - Sy vermoed om saam met die ander mense te werk.
 - Sy algemene houding en gedrag binne en buite die kraal of skouring.
 - Sy vermoed om sy kennis, plasings in 'n skouring en motiverings op 'n gemaklike en sinvolle manier oor te dra.
 - Baie mense het die kennis, maar ontbreek aan die vermoed om dit oor te kan dra
 - Net so het almal nie die vermoed om kritiek te kan hanteer nie en dit kan lei tot onnodige konflik.
- viii) 'n Streng etiese kode moet deur alle Senior Beoordelaars onderteken word , waarby hulle, hul verbind tot die genootskap se gedragskodes.

AFSLUITING

Aan die einde van die kursus word daar n kort samevatting en oorsig oor die kursus gegee.

Idees word uitgeruil en alle finale bedankings word gedoen. Die eksaminatore doen hulle laaste verslae en die kandidate se punte vir die kursus word bekragtig. Die kursusleier moet die kursus punte aan die rasbevorderingskomitee besorg.

Die kursus sluit af met middagete waarna almal verdaag.

